Kaapstad ondersoek klein hidrokragstasies

Francois Williams,
Die Kaapse munisipaliteit oorweeg die installering van mini-hidrokragstasies in die infrastruktuur wat water na die stad vervoer.
Me. Sarah Ward, hoof van energie en klimaatsverandering in die stad se omgewingshulpbronbestuursdepartement, sê ’n lewensvatbaarheidstudie vir so ’n projek kos R2 miljoen. Dit is geld waarvoor die stad nie begroot het nie en wat van buitebronne sal moet kom.
Die krag van die water wat van hoogliggende gebiede na die stad gevoer word, is so groot dat betonstrukture gebruik word om die spoed van die water te breek.
Dié funksie kan deur mini-hidrokragstasies vervul word. Dit is nog onseker presies hoeveel bykomende hernieubare elektrisiteit op dié manier opgewek kan word, sê Ward. Die lewensvatbaarheidstudie sal dit probeer vasstel.
Die stad vorder ook met die regulasie wat die gebruik van songeisers of ander energiedoeltreffende toerusting in alle nuwe geboue en uitbreidings aan bestaande geboue wil opdwing.
Ward sê ’n versoek vir voorstelle word ook uitgestuur vir die grootskaalse vervanging van geisers in bestaande geboue. Dit kan ’n mark bied vir tussen 200 000 en 300 000 songeisers in die stad.
Die munisipaliteit werk ook aan riglyne vir die stedelike gebruik van klein windturbines oftewel windlaaiers.
Op ’n onlangse vergadering van die stadsraad se portefeuljekomitee vir beplanning en omgewing is die idee van inwoners wat hul eie elektrisiteit met windlaaiers opwek, nie gunstig deur die burokrate ontvang nie.
Dit blyk dat afdelings wat sulke aansoeke sal moet verwerk, nie lus is vir al die ekstra werk nie omdat die ekstra volume werk die tempo waarin projekte tans goedgekeur word, sal verlangsaam.
Ward sê daar word gekyk na regulasies in ander dele van die wêreld waar windlaaiers en ander vorms van kleinskaalse hernieubare energie reeds deur stedelike inwoners gebruik word. Sy sê daar word gekyk na lande en stede met soortgelyke bouregulasies. In Duitsland is die enigste voorwaardes vir die oprig van ’n windlaaier dat die toerusting tegnies op peil is, die bure se mening gevra is en hulle ingestem het.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published